LES 13:

# TYD GENEES / LIEFDE OORWIN ALLES

## Skriflesing

Gen 33

## Inleiding

In ons vorige lesse het ons gesien dat Jakob voorberei het om Esau te ontmoet. Hy het 'n hele klomp geskenke saam met sy slawe gestuur.

Nadat hulle almal deur die rivier was, het Jakob agtergebly en die nag daar met 'n Man gestoei. Jakob was maar bang om sy broer te ontmoet. Jare gelede het hy mos weggevlug toe sy ma hom gewaarsku het dat sy broer planne maak om hom dood te maak. Jakob se ma, Rebekka, wat hom altyd verdedig en sy kant gekies het, is in die tussentyd ook dood. 'n Mens kan dink dat hy verskriklik bang was om weer sy broer te ontmoet.

## Toneeltjie

Ons gaan nou die ontmoeting tussen die twee broers opvoer.

*Karakters:*
*Aan die een kant:* *Esau met 400 (of soveel as moontlik) manne.*
*Aan die ander kant:* *Jakob vooraan, dan die slavinne met kinders, dan Lea met haar kinders, en laastens Ragel met Josef.*

*Jakob buig sewe keer laag terwyl hy vir Esau tegemoet loop.*
*Esau hardloop Jakob tegemoet, omhels hom en soen hom (op die Midde-Oosterse manier van wange draai vir mekaar) en hulle albei huil.*

Esau: Wie is hierdie mense by jou?
Jakob: Dit is die kinders wat God vir my gegee het. God was baie goed vir my.
*Die slavinne en hulle kinders kom nader en buig voor Esau. Daarna kom Lea en haar kinders en buig voor Esau en laastens buig Ragel en Josef ook.*
Esau: Hoekom het jy al daardie goed vir my gegee?
Jakob: Dit is 'n present sodat jy vriendelik sal wees met my.
Esau: Ai, my broer. Ek het self baie goed. Hou dit alles; dit moet joune bly.
Jakob: Nee, jy moet asseblief my present aanvaar as jy vriendelik wil wees met my. Ek het al die goed vir jou gegee soos 'n mens iets vir God sou gee. God was goed vir my en Hy het vir my oorgenoeg gegee.
Esau: As dit jou sal laat beter voel, sal ek die present aanvaar. Breek jou kamp op en trek saam met my na ons blyplek toe. Ek bly net hier oorkant die Jordaanrivier in Edom. As jy saam met my trek, kan ek jou beskerm.
Jakob: Loop jy liewer vinniger voor my uit. Jy sien self my kinders is nog klein en party van die lammertjies is nog te klein en swak om ver te trek. Ek sal liewer hier bly as jy nie omgee nie.
Esau: Moet ek party van my manne hier laat bly om julle te beskerm?
Jakob: Dit is nie nodig nie, dankie. Gaan gerus huis toe. Ek sal jou later kom besoek.
Esau: Goed so. Dan loop ek maar.
*Esau vertrek met sy manne en Jakob bly met sy familie agter.*

## Bespreking

Ons leer 'n paar verskillende dinge in hierdie deel van Jakob en Esau se storie:

- Jakob moes verantwoordlikheid neem vir sy dade. Hy het jare gelede drooggemaak toe hy Esau uit sy eersgeboortereg en die seën van hul pa verkul het. Na al die jare het hy berouvol teruggetrek na Esau toe. Hy stuur 'n klomp geskenke vooruit om vir Esau te wys dat hy jammer is.

- Die belangrikste les wat ons miskien uit hierdie verhaal kan leer, is dat Esau sy gesindheid teenoor Jakob heeltemal verander het. Net nadat Jakob hom verkul het, was hy so kwaad vir Jakob dat hy hom selfs wou vermoor het. Maar na die klomp jare wat Jakob ver van Esau by Oom Laban deurgebring het, het Esau vir Jakob vergewe en hom met ope arms verwelkom.
- Esau het Jakob vergewe vir wat hy hom aangedoen het. Ons moet ook leer om ander mense te vergewe vir dinge wat hulle ons dalk aangedoen het. Ons moet dit vergeet en nie teen hulle bly hou nie.
- Liefde oorwin alles: Esau en Jakob was broers. Op die ou einde het hul liefde vir mekaar die onreg oorwin.

- Hoe maak 'n mens 'n gebroke verhouding reg?
- Hoe het Jakob dit probeer doen?
  - Jakob probeer om Esau met geskenke omkoop.
  - Hy stuur slawe met geskenke vooruit om Esau om te koop of sag te maak.
  - Hy probeer baie nederig wees. Hy buig sewe keer laag toe hy by sy broer kom.
  - Esau se gesindheid het op die ou einde die werklike verskil gemaak.

In Jakob en Esau se storie het die liefde op die ou einde alles oorwin. Dis partykeer net nodig dat tyd genesing bring.

## Aktiwiteite

Gooi "glitter" in 'n glasbottel, maak dit vol water en sit die deksel op.
As jy en jou maatjie stry, is dit soos hierdie bottel wat geskud word. Die "glitter" maak die water troebel. Nog voordat al die "glitter" bedaar, maak julle dalk weer rusie. (Skud die bottel weer.) So kan dit aangaan en die water bly troebel.
As ons die bottel los, sal die "glitter" na 'n tydjie afsak ondertoe en die water weer skoon raak. Partykeer het ons verhoudings met ons maats ook net afkoeltyd nodig sodat ons mekaar kan vergewe en weer die goeie tye saam kan onthou. Partykeer is dit nodig dat ons dinge net los. Moenie dadelik alles probeer regmaak nie. Laat elke kind 'n klein botteltjie met water en "glitter" maak. Plak bo-op: "Tyd genees".

Soek in die inkleurprent waar die diere en kruik (wat bo-aan die prent geteken is) oral wegkruip, omkring dit en kleur dan die prent mooi in.




Trek die pad wat Jakob moes stap om by Esau uit te kom.